

Inhoud Hierdie preek wys dat gelowiges met Christus se wederkoms bestem is vir die bruilofsfees met Hom as Lam, nie vir oordeel nie. Christus is vir ons met sy wederkoms die Bruidegom en sy kerk is sy bruid wie Hy openbaar Homself vir ewig in sy liefde mee gaan verenig. Christus is bruidegom vir sy hele kerk, wat was, wat is en wat nog sal kom. Christus verwerp en verniel die groot prostituut van hierdie wêreld wat maak asof sy ook een van sy geliefdes is. Die ruim huis van die valse kerk is 'n geestelike bordeel, nie die stad waarin Christus met sy bruid saam leef nie. Hulle maak van die Here 'n ontroue Bruidegom, 'n bigamis wat vir sy kerk en die prostituut man moet wees en 'n poligamis wat alle godsdienste van die wêreld omhels.

Skriflesing Openbaring 19: 5 - 10

Teks Openbaring 19: 9: Gelukkig is hulle wat uitgenooi is na die bruilofsfees van die Lam.

Tema Die Nagmaal is ons uitnodiging na die bruilofsfees van die Lam.

1. Die kerk is die Here se bruid en die Here is die kerk se bruidegom!

Dit is hoe die wederkoms van Christus sal plaasvind. Dit gaan Christus en sy kerk se bruilofsfees wees. Die wederkoms van Christus is 'n bruilofsfees waarin Christus en sy kerk verenig word om vir ewig een te wees in mekaar se liefde en onskiedbaar in mekaar se liefde te leef. Dit is net soos met 'n troue tussen man en vrou: dit is die openbare oomblik waarin hulle hulle vereniging met mekaar vier om een te wees en in die eenheid van hul liefde te leef.

Só sal die wederkoms van Christus vir sy kerk wees. Vir ons as sy kerk kan en sal sy wederkoms nooit 'n oordeelsdag wees nie. Sy koms is ons bruilofsfees. Daarom moet ons eens en vir altyd die waan van geestelikes uit ons gemoed kry dat voor ons die ewige lewe met Christus leef, ons eers in sy oordeel moet gaan staan en deur die vernedering van ondersoekende vrae, beskuldigings, verduidelikings, selfregverdiging en pleitredes moet gaan. Dit is die bestemming van die onsedelike vrou in Openbaring – die geestelikheid en losbandigheid van hierdie wêreld.

Dit is mos totaal absurd dat voor 'n troue 'n bruidegom eers sy vrou deur 'n oordeelsdag laat gaan waarin sy vernederd moet pleit, angstig moet verduidelik, verskonend haarself moet regverdig en pleitend op liefde wag!

Vir ons as kerk is hulle oordeelsdag ons bruilofsfees.

Christus het sy bruid, sy kerk lief! Dit is hoekom die Here Jesus se wederkoms sy troue met sy kerk is. Sy kerk is die een wat Hy vir sy liefde gekies en afgesonder het. Ons vereniging in hierdie liefde vir ewig, vind met sy wederkoms plaas. sy wederkoms is ons bruilofsfees met die Here.

2. Christus openbaar sy liefde vir sy kerk deur vir hulle die Lam te wees en hulle met blink klere van suiwer fyn linne te beklee. Hy is die Lam wat vir die bruid haar trourok gee.

Christus is die Paaslam wat vir haar sondes geslag is (Joh. (Joh.1: 29) Christus is die Here sy kerk vir sy liefde heilig. Hy maak die kerk sy heiliges. (Open 19: 8) Die kerk is die bruid wat die bruidegom toelaat om vir Hom 'n wit trourok aan te trek. Hierdie is 'n besondere beskrywing: "En sy is toegelaat om blink klere .. aan te trek." Dit is soos 'n bruidegom vandag wat weet sy geliefde is nie meer 'n maagd nie, maar daarop aandring dat sy vir hom in 'n wit trourok trou omdat sy vir sy liefde volmaak is. Daarom die beskrywing dat die kerk toegelaat word om in "n wit trourok" haar self vir haar Bruidegom gereed te maak.

Johannes gee self die verduideliking van hierdie trourok – dit is die regverdige daad van hulle wat die Here heiliges gemaak het. Hulle het nie self hulle trourok gemaak nie, nie self hul trourok gekoop nie en dit is ook deur niemand anders as die bruidegom self voorsien nie. Christus maak sy kerk heiliges. Hy heilig hulle vir sy liefde deur vir hulle die Lam te wees wat vir hulle sonde geslag is. (Open. 7:14. 12:11)

Die "regverdige daad" van die bruid, die kerk, is nie daad waarmee sy haar vi die Bruidegom se liefde regverdig maak nie. Dit is daad waarmee sy, aangetrek in die trourok wat deur die bloed van die Lam gewas is, haar toewy en afsonder vir die liefde van haar Bruidegom, Christus.

Christus beklee ons met die heiligheid waarin ons deur sy bloed gewas is, om só ons self daadwerklik aan sy liefde toe te wy.

Hy is ons Bruidegom en ons is die Here se bruid – gereed gemaak en gereed vir die bruilofsfees met sy wederkoms!

3. Die Here het sy hele kerk lief!

Daarom is Christus se wederkoms sy bruilofsfees, sy troue met sy kerk, nie sy eerste koms nie. Want met sy wederkoms wek Hy sy kerk wat reeds gesterf het uit die dood uit op.

Elke gelowige sal met sy wederkoms deur hom weer mens van vleis en bloed, liggaam en siel gemaak word, net soos wat hy uit die dood uit opgestaan het om vir altyd mens van vleis en bloed te wees, terwyl Hyself God met ons is.

Sy bruilofsfees is vir sy hele kerk! Dit word gesimboliseer deur die 24 ouderlinge wat in die hemel God aanbid. (19:4) Twaalf ouderlinge simboliseer die 12 stamme van Israel en die ander twaalf die Twaalf Apostels. Christus is Here vir Abraham, Isak en Jakob en die hele Israel wat sy verbondsvolk was voor sy eers koms om te ly en te sterf. Christus is Here vir Petrus, Johannes en die hele kerk wa gegrond is op die verkondiging van die Apostels.

Christus het sy hele kerk lief. Daarom openbaar hy Homself (Open.1: 4) as "Hy wat is, wat was en wat kom." Christus is die Bruidegom van hulle wat nou vandag sy kerk is, wat van Abraham af sy kerk was en hulle wat tot en met sy wederkoms sy kerk sal wees.

Sy hele kerk sal by die bruilofsfees wees: opgewek uit die dood of lewend verheerlik, om vir ewig met Hom verenig in sy liefde vir ons, sy bruid, te leef. (1 Kor. 15: 51 – 56)

4. Ons as kerk van die Here kom nou uit 'n tydperk van twee jaar van vrees, verlies en rou! Twee jaar van Covid-19! Met die begin van hierdie pandemie het ons geluister na Openbaring 5 en gehoor dat Jesus Christus is vir ons die Lam wat geslag is, maar vir wêreld die Leeu uit die stam van Juda. (5:5,6) Ons het toe reeds in die geloof aanvaar dat die Here Jesus die wêreldgeskiedenis laat gebeur en ontplooi volgens sy raadsbesluite. (Open. 6 -8)Hy breek die seëls (Laat wêreldgebeure plaas) en Hy stuur die perde oor die wêreld uit. (Beskik die gang van alles wat gebeur.

Hy beskik en bestuur die Vaalperd, die pes soos die Covid-19 pandemie. (6: 7) Hy beskik en bestuur die swart perd, die ekonomiese verval en armoede, ook deur 'n pandemie. (6: 5) en Hy beskik ook die rooi perd, opstande, anargie en oorloë wat deur die pandemie veroorsaak word. (6: 4)

Só is die Here vir die wêreld die Leeu uit die stam van Juda., maar terselfdertyd in en deur alles is en bly hy vir ons die Lam wat ons in en deur alles vir sy liefde heilig. Ons is die Leeuwelpies vir die wie die Leeu die Lam is. Ons verdrukking in die pandemie is die swaarkry van 'n verloofde paartjie wat alles ontbeer om te kan trou. Christus maak ons ontbering voor sy wederkoms ons verlowingstyd met die Here. In en deur hierdie verdrukking leef ons wat behoue bly en wat sterf in sy liefde wat vir ons elkeen verseël sal word met ons bruilofsfees van die Lam.

Christus trou met sy hele kerk en daarom is die bruilof ons band met elkeen van ons geliefdes wat ons deur die vaal perd verloor het – die Here trou eers met sy kerk na almal wat gesterf het uit die dood uit opgestaan het sodat ons almal saam in sy ewige liefde verseël word. Ons sal almal saam sy bruid wees. Die Here het sy hele kerk lief. Só wag ons onder armoede en dreigende oorloë ook op die bruilofsfees van die Lam – ons ontbeer alles vir die verseëling van die Here se ewige liefde.

5. Wie het die Here nie lief nie? Wie is nie sy bruid nie?

“Die groot prostituut wat die aarde verlei met haar hoerery!” (Open. 19: 2) Hoe verlei sy die aarde? Met die waanbeeld: “liefde is liefde!”, soos Paulus die slagspreuk van die wêreld vir hierdie sedeloosheid uitwys: “Kos is vir die maag en maag is vir die kos.” (1 Kor. 6: 13) Sedeloosheid is ware liefde en seksuele perversie is net hoe jy mens is!

Die Here het hierdie vrou nie lief nie. Hy gee haar nie 'n wit trourok om aan te trek en heilig nie haar perversie as liefde nie. Die Bruidegom bring hierdie ander vrou tot 'n val. Hy oordeel haar, verniel, verstoot en verwerp haar met haar aanspraak dat sy ook die Bruidegom se geliefde is. (Open. 19: 1 – 4) Die Here as Bruidegom heilig Hom vir sy kerk deur die sedelose vrou te vernietig in haar aanspraak dat sy ook 'n geliefde is.

“Ons moet ruimte maak vir mekaar maak in die Here se kerk, die Here se kerk is 'n ruim huis!” Dit is die verleidelike propaganda van die sedelose vrou vandag in die

Here se kerk. Ons laat ons as gelowiges maklik vang met die verwyte en beskuldigings van liefdeloosheid, engheid, onwetenskaplikheid, kwaadwilligheid en vyandigheid wanneer die groot prostituut haarself vertoon as die ander vrou wat die Here ook sou liefhê.

Kan daar vrede en eenheid wees tussen die bruid en die prostituut, in 'n ruim huis waarin sedeloosheid maar net liefde is? Wat doen 'n bruid met die bruidegom as sy naas haarself die ander vrou as nog 'n vrou vir die Bruidegom aanvaar? Sy skep nie 'n ruim huis waarin "liefde liefde is nie". Sy onteer die Bruidegom as 'n ontroue en valse man. Christus is nie 'n bigamis of poligamis of sedelose man nie. Sy liefde vir sy bruid, sy kerk is nie 'n ruim huis nie. Hy het net sy kerk lief. Die ruim huis is die bordeel van die sedelose vrou, nie die heilige stad waarin die Here en sy bruid leef nie. (Open. 21: 1,2)

5. Wat is die Nagmaal?

In Lukas 22 word die Pasga, die Nagmaal en die bruilofsmaaltyd van die Lam in die nuwe koninkryk van die Here met sy wederkoms direk saam aan die orde gestel. (22: 14 – 18) Die Nagmaal as teken is daarom in 'n besondere sin die uitnodigingskaartjie na die bruilofsmaal van die Lam.

In Openbaring 19 word die kerk eers met die beeld van die bruid geteken en dan skielik weer met die beeld van die genooide gaste na die bruilofsmaal. (19: 9) In die Nagmaal ontvang ons die uitnodiging om die blink klere van suiwer, fyn linne as bruid aan te trek. Die tekens wys ons dat die Bruidegom se liggaam gebreek en sy bloed vir ons sonde gestort is sodat ons nooit vir ons sondes deur God gebreek of uitgestort sal word nie. Die tekens wys ons dat ons vereniging met Christus as mens nou in die hemel moet aanvaar en só sy heiligheid en regverdigheid as mens as ons trourok moet aantrek. Wie in die Nagmaal hulself so met Christus bekleed, is die bruid wat vir die bruilofsmaaltyd gereed gemaak is.

Daarom is die Nagmaal ook ons uitnodigingskaartjie na die bruilofsmaal van die Lam met sy wederkoms. Uitnodigingskaartjies moet ontvang en geantwoord word. Ons moet die Nagmaaltekens ontvang in die geloof dat ons die gelukkiges is wat die Here uitgenooi het as gaste van sy bruilof. Uitgenooi na die bruilofsfees van die hele kerk van die Here – hulle wie sy kerk was, en nou dood is, hulle wat nou sy kerk is en hulle wat nog sy kerk sal wees. Ons, ons geliefdes wat ons verloor het, ook in hierdie Covid-tyd en ook ons kinders en kleinkinders na ons!

Kom ons aanvaar hierdie tekens met die geloof dat in al ons verdrukking in hierdie wêreld, leef ons in verlowingstyd! Kom ons ontbeer dit en dra dit lydsaam met die innerlike vreugde dat ons gereed is vir die Bruilofsmaal van die Lam. Kom aanvaar die uitnodiging, die tekens van brood en wyn na hierdie feesmaal en kom ons wees die geheiligde bruid – kom ons eer die Bruidegom se liefde met daad wat pas by sy bruid.

